23 April 2020

Goeiedag Ouers

ABSOLUT MENLO VS INPERKING

In hierdie onseker tyd is dit belangrik om te gesels oor die invloed van die inperking op die Menlo-leefwêreld. Met hierdie skrywe, wil ek u as ouer herinner dat ons u kind se belange op die hart dra, terwyl ons soek na werkbare oplossings. Ons glo dat die besluite wat tot dusver geneem is en die planne wat sover geïmplementeer is, ons verbintenis tot u kind se akademiese vordering onderstreep. Ek kan u verseker dat alternatiewe deeglik ondersoek en beredeneer word, voordat dit vir implementering oorweeg word. Die skoolbestuur en beheerliggaam doen dus hiermee 'n hernieude beroep op u vertroue met die besluite wat geneem word.

Die akademiese program is op 'n positiewe aanlyn koers en daar bestaan by my geen twyfel nie, dat al ons leerders – en nie net die matrieks nie – gereed sal wees vir hulle onderskeie eindeksamens. Ons gee u die versekering dat die skool op hoogte bly van nuwe verwikkelinge met betrekking tot die 2020-skoolkalender en ons onderneem om u dienooreenkomstig in te lig, sodra ons sekerheid het oor die res van die jaar se akademiese program.

Op hierdie stadium, word daar wyd gespekuleer oor die verloop van die tweede kwartaal en die volgende moontlikhede is genoem:

- Die afskaffing van die wintereksamen vir alle leerders;
- Die opskorting van alle skolesportligas en kultuuraktiwiteite;
- 'n Verbod op groepoefeninge tot en met Junie (vir sport, sowel as vir kultuur);
- Indien sport- en kultuuroefeninge wegval, die moontlike verlenging van die skooldag tot 15:00; en
- Die opsie om Saterdae en vakansiedae te benut om agterstallige akademiese werk in te haal.

Bovermelde dien as 'n kennisgewing van moontlikhede om u op hoogte te hou van die scenario's wat tans ondersoek word. Dit is egter gebaseer op inligting wat nou tot ons beskikking is en soos u weet, het hierdie virus ons geleer dat al waarvan ons kan seker wees, is dat alles onseker is! Die skool sal u nogtans op hoogte hou met nuus van die regering.

Ek wil dit beklemtoon dat daar nog geen bykomende, amptelike terugvoer van die Onderwysdepartement was nie. Alle inligting wat tans die rondte doen, is konsepvoorstelle en aanbevelings wat wag vir goedkeuring.

Atterburyweg, Menlopark, 0081
Tel: (012) 361-7738 Faks: (012) 348-6827 E-pos: info@menlopark.co.za
Web: www.menlopark.co.za | Hoof: Mnr. Schalk Reynders

Op Menlo-bodem (of eerder in die Menlo-kuberruim), is daar tydens die inperking elektronies vergader met die skool se middel- en topbestuur, asook met die beheerliggaam se Uitvoerende Komitee. Sodoende probeer ons antisipeer wat moontlik volgende gaan gebeur en poog ons om planne proaktief in plek te kry.

Ons gaan onsself daarvan weerhou om inligting met ouers te deel, voordat daar nie absolute sekerheid heers oor die korrektheid van die inligting nie. Weer wil ons u verseker dat alternatiewe wyd oorweeg word en dat die akademiese vooruitgang van elke Menloparker die grondslag vir elke besluit is.

Namate amptelike inligting beskikbaar raak, sal ons u so vinnig as moontlik in kennis stel. Wees asseblief bedag op fopnuus wat nie deur die skool bevestig is nie.

Ek sien daarna uit om in samewerking met topbestuur en ons entoesiastiese onderwysers en leerders elke uitdaging waarmee ons gekonfronteer word, met mening aan te pak en absolut die hoof te bied!

Baie dankie vir u ondersteuning.

Menlo-groete

SCHALK REYNDERS
HOOF